Geliefde Lourensrivierder

Die jaar het vir party baie goed begin, maar sommer met die intrapslag was daar vir party ook struikelblokke, probleme, seer en pyn. Mens wil so graag ander se eina en lyding onmiddellik wegvat en dinge sê wat die persoon dadelik beter laat voel, maar dis nie altyd moontlik nie. Wat wel moontlik is, is om daar te wees..... Soos ‘n hond langs jou sy stap sonder woorde en net elke nou en dan opkyk na jou, ‘n lekkie gee of teen jou skuur.... Die fokusteks van die week het net weer vir my gewys dat God individue geskape het om in spanne, groepe, gemeentes saam te werk, te ondersteun, getuienisse te deel en om te gee♫ Hoe inspirerend is dit nie!

Spesiale hallo aan Abri & Christina Kampfer wat ons Nuuskrummels vanuit Frankryk lees ☺

No man is an island
No man stands alone
Each man's joy is joy to me
Each man's grief is my own
We need one another
So I will defend
Each man as my brother
Each man as my friend
I saw the people gather
I heard the music start
The song that they were singing
Is ringing in my heart
No man is an island
Way out in the blue
We all look to the One above
For our strength to renew



Simon and Pontus Åkesson sing “No man is an Island” (oud maar mooi ☺)
https://www.youtube.com/watch?v=tS4S5WMh6pk&list=PL79B160677BD77533&index=4

NUUSKRUMMELS: 25 JANUARIE 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

LEESROOSTERS
Indien jy belangstel om ‘n leesrooster te bekom vir die jaar, is jy welkom om Charlene @ 021 853 5911 te kontak om te bestel. Die prys is R80 elk. Ons het tans 2 beskikbaar by die kantoor.

Die boekie is vir almal en kan ook in kleingroepe gebruik word.

Die Leesrooster is ‘n stuk toerusting wat jou dwarsdeur die hele Bybel neem in ‘n siklus van 3 jaar en rondom vrae werk wat ons daagliks sal uitdaag om die Woord en die Skrywer beter te leer ken en verstaan. Hierdie gids is ‘n noodsaaklikheid vir enige iemand wat ernstig is oor Bybelstudie en Stiltetyd saam met God.
Dit moedig ook lesers aan om die feeste, gebruike en gewoontes van die kerkjaar te vier en te ervaar.
Dit strek van Advent tot Koninkrykstyd. Dit volg die seisoene van die kerkjaar en maak gebruik van die erkende teksrooster Revised Common Lectionary.

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

Rochel Joubert
CEO / Care Coordinator

HOMEcare
Non-Medical and Supportive Care

084 208 1368
rochel@heartathomecare.co.za
www.heartathomecare.co.za
HeartatHomeSA

Med X

DID YOU KNOW?

Whether you are a potential client or family member, you desire the very best compassionate care provided by our specially trained staff. We go the extra mile to match our caregiver with our client's unique needs and personality so they get to know them as a friend or family member.

All of our home caregivers pass pre-employment reference checks, drug screen, and a criminal background check.

We are confident that you will be delighted with the caregiver entrusted with the care of you, or your loved one.

We are offering medical and non-medical companionship and care services.

Website:
https://www.medxhomecare.com/heart-at-home-care

ACVV HUIS JAN SWART HOU WEER POTJIEKOSKOMPETISIE as fondsinsamelingsprojek op 24 Februarie 2018. Enige belangstellendes om 'n pot te kom maak, moet vir Henriette kontak. Tyd is vanaf 12:00 tot 17:00.
Die pot moet vir tien mense 'n porsie voorsien.
Baie dankie
H van der Merwe (Hoof: ACVV Huis Jan Swart) @ 021 854-3763

AFRIKAANSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING ACVV

Make a Difference HALLI TRUST #giveresponsibly

Financial Donations

Once off / Monthly

We provide you with an Article 18A certificate. Donations to Halli Trust can help you with your BEE rating.

Volunteering

You will benefit!!!
It's excellent for your CV.
We provide you with a reference letter for your CV.

Annual Events

Assistance with our Annual **Dance** and Annual **Golf Day** Fundraiser

Donate

School items-Toys-Cell phones-Furniture

Caring for Animals

Plastic kennels
Doggy/cat food
Blankets
Bowls
Doggy beds

Building Material

Windows
Doors
Paint
Cement
Wood
Tiles

Homework Classes

One hour per week of your time

Donate

Groceries-Clothing items-Household items

CSI Project

www.hallitrust.co.za 021- 85 19591 / 082 339 6876 admin@hallitrust.co.za / heidi@hallitrust.co.za

NPO: 086-574-NPO PBO: 930 016 617 Article 18 A Certificate Income Tax Reference Number: 3009/601/16/6 B-BBEE Verification Certificate: BEE/CS/0361/17(Version-01)

Amos Kaap markte in 2018 (ten bate van Plaasbearbeiding in Kaap)

Ten spyte van die droogte en minder groente en vrugte is daar Produkte vir die markte.

Markdatums vir 2018 in Strand onder die Spur as volg:

03 Februarie Koue Bokkeveld koördineer
03 Maart Wellington koördineer
07 April Villiersdorp/Worcester koördineer
05 Mei Amos Studente koördineer
02 Junie Citrusdal koördineer

Ons wil deur die verkoop van vars produkte bv. groente en vrugte teen markprys fondse vir Amos werksaamhede insamel.

Hoof Koördineerder van die markte is JB Wessels kontak 0832334533.

Groete in Christus

BERG 80 VERJ: FEB 2018

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Van Der Walt	Joey	02/12	88
De Wet	Bettie	02/13	89
Marnewick	Manie	02/15	81
Bam	Driekie	02/16	80
Henning	Wena	02/19	81
Odendaal	Joey	02/24	88
Van Schalkwyk	Joeleen	02/24	82

Num 6:24-16 Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!

KNIEWERK:

- Ons bid vir die boere wat swaarkry, reën, ons waterkrisis asook vir vrede, eenheid, regverdigheid en eerlike leiers.
- Paul Louw vir gesondheid
- Annelien Volschenk, in Tygerberg (enkel gebreek)
- Sannie le Roux in hospitaal
- Christa Olivier se suster steeds in hospitaal
- Matilda Stemmet in hospitaal
- Jannie Fourie in hospitaal
- Tersia van Vuuren vir herstel na operasie
- Wilna van Tonder herstel na operasie

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 28 JAN SE BOODSKAP: 1 Kor 8:1-13
(VIERDE WEEK NA EPIFANIE)
Dink met jou hart, tree met Jesus-liefde op...
#Waarmee dink jy?

Carl Jung, die beroemde sielkundige, het op keer na Amerika gereis en met ’n Indiaanse hoofman aan die gesels geraak. Dié het vir Jung ’n interessante ding gesê: “Ons dink hulle, die bleek gesigte, (die wit mense) is mal.”
Jung het gevra waarom hy so iets sou sê. “Want hulle sê hulle dink met hulle koppe.” Jung het geantwoord: “Maar natuurlik. Nou waarmee dink julle dan?”
“Ons dink hier” het die Indiaan geantwoord en gewys na sy hart.

Waarmee dink jy – met jou kop of met jou hart ?
Dis Paulus vandag by ons wil tuis bring “Kennis maak verwaand en liefde bou op.” Hoekom? Want kennis plaas jou op ’n troon – “simply the best”, in die kollig. Liefde plaas jou in ’n kring, in ’n span, in ’n familie, op gelyke grond.
Paulus wil met die woorde “liefde (agape) bou op” ook dit vandag sê oor die kerk, oor families. Die agape-liefde – Jesus-liefde is nie maklik nie.
Erma Bombeck skryf: “Some emotions don’t make a lot of noise. Caring is real faint – like a heartbeat. And pure love – why, some days it’s so quiet, you don’t even know it’s there.”

Soos Murray Jansen tereg gesê het: “As jy nie ’n Christen in jou huwelik & familie kan wees nie, is jy dit nêrens anders nie!”

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier